WEEK 34 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

GEMEENTENUUS

NG Bedelia, Welkom

SINODENUUS

BEDIENINGSBEGELEIDING

***#imagine 2019 Experiences*:** Jongmense in ons streek moet asseblief kennis neem van hierdie geleentheid wat **vanaf 29 tot 31 Maart 2019 gaan plaasvind**! Soos in die verlede, vind dit weer op dieselfde tyd in vier provinsies plaas, naamlik die Wes- en Oos-Kaap, Vrystaat en Limpopo. **Gemeentes, lidmate, skole en ouers word versoek om hierdie datums solank op hulle kalenders aan te bring.** Hou asseblief hierdie spasie dop, aangesien enige verdere inligting ook in hierdie nuusbrief, asook op die **NG Kerk Vrystaat se Facebook-blad** bekend gemaak gaan word.

ALGEMENE INLIGTING

Jaarboek 2019 Bestelvorm: **Gemeentes/belangstellendes moet asseblief kennis neem** dat ***julle sélf verantwoordelik is om die Jaarboek 2019 by Bybel-Media Handel te bestel*** - klik **hier** vir die bestelvorm. Die Jaarboek van die NG Kerke 2019, verskaf al langer as 160 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate. ***Die goeie nuus is dat BM vanjaar 3%-korting gee, indien gemeentes/belangstellendes vóór 1 Desember 2018 hulle bestelling plaas en ten volle betaal!***

Eerstejaarskampe 2019 - ander streke: **Gemeentes word versoek** om hierdie inligting aan hulle voornemende 1ste-jaar studente te kommunikeer:

Die **Wes-Kaap se kamp**, aangebied deur die NG Kruiskerk in Stellenbosch, vind **vanaf 20 - 23 Januarie 2019** by **Bergkroon in Wellington** plaas, met die tema, **#DNA.** **Klik** op die **biljet hieronder,** waar jy ook **kan registreer/inskryf.** 	Die **kamp in Pretoria**, word deur die NG Universiteitsoord aangebied, vanaf **21 - 25 Januarie 2019.** **Klik** op die **biljet hieronder,** waar jy ook **kan registreer/inskryf.** 	**Pukke in Potchefstroom se kamp** word vanaf **8 - 11 Januarie 2019** deur die NG PUK Kandelaar aangebied. **Klik** op die **biljet hieronder,** waar jy ook **kan registreer/inskryf.**